Oordenking
16 August 2017.

God wil nuut met jou begin!

Jesaja 43:18-19 sê: " Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

Die Here vra dat as ons bewus is daarvan en in geloof aanvaar dat die Here iets nuuts in ons lewe, ons families en ons kerke gaan doen, moet ons onsself gereed hou daarvoor en ons harte en gedagtes oopmaak vir God se nuwe rigting vir ons lewens – sodat ons die geopende deur sal raaksien en daarop sal reageer. So sal ons nood en behoeftes aangespreek word.

Is ons gewillig om as mense met 'n persoonlike verhouding met God, sy plan en doel met ons lewe te verwelkom en ons toekoms en ons roeping daarop te bou?
Die Here sê, "*Ek gaan iets nuuts doen*". Is jy gereed om 'n nuwe fase van jou lewe, saam met die Here, te verwelkom?

Mag ons van ganser harte sê: "*Ja, Here, ek is beskikbaar vir wat U ook al wil doen. Wanneer U tyd aanbreek daarvoor, sal ek gereed staan vir u plan*". Ek glo dat die Here iets buitengewoons en iets besonders vir my beoog – en ek sien uit daarna!

Ons is nie net toeskouers van God se plan met ons lewe nie. Wanneer die Here die saad van 'n nuwe lewe in ons lewe plant, word ons volledig vennote van dié plan. In geloof en deur naby aan die Here te lewe, vertroetel ons hierdie saad en verseker dat dit uitloop en welig groei.

In ons verhouding met die Here, werk ons saam met die Heilige Gees om sy nuwe plan vrugbaar vir my, en vir sy Koninkryk, te maak.